SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2017

## GRAAD 10

## EKONOMIE
## VRAESTEL 1

# MEMORANDUM

**16 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 1)**

**MEMORANDUM**

---

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 A √√ skaars hulpbronne

1.1.2 C √√ skaarsheid

1.1.3 C √√ lekkasie

1.1.4 D √√ trog

1.1.5 C √√ individue (5 x 2) (10)

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 F √ Wanneer hulpbronne effektief benut word vir die produsering van goedere en dienste.

1.2.2 A √ Die proses waar produkte vanaf die produsent na die verbruiker beweeg.

1.2.3 G √ Is die verskil tussen inkome en besteding

1.2.4 B √ Gee ŉ aanduiding wat in die toekoms kan gebeur

1.2.5 C √ Produseer meer as wat verlang word

1.2.6 E √ Die waarde van finale goedere en dienste geprodseer deur die permanente inwoners van die land. (5 x 1) (5)

1.3 **KONSEPTE**

1.3.1 Mikroekonomie√

1.3.2 Kapitaal goedere / Intermediêre goedere√

1.3.3 Huishouding√

1.3.4 Eksogene redes √ (4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B**

**VRAAG 2: MAKROEKONOMIE**

2.1

2.1.1 **Noem enige TWEE studievelde wat verband hou met Ekonomie.** (2 x 1) (2)

- Rekeningkunde√
- Besigheidstudies / Sakebestuur√
- Handelsreg√
- Wiskunde of finansies√
  (Aanvaar enige relevante antwoord.)

2.1.2 **Hoe kan die skaarsheid van hulpbronne ʼn probleem vir enige gemeenskap inhou?**

- Produseerders kan nie alles produseer wat verbruikers verlang nie.√√ (1 x 2) (2)
  (Aanvaar enige relevante antwoord)

2.2 **Datarespons**

2.2.1 **Wat, volgens die grafiek, was die hoogste groeikoers wat deur die land ervaar was?** (1)

- 5 %√

2.2.2 **Noem die organisasie wat verantwoordelik is vir die publisering van bogenoemde data.** √ (1)

- Statistiek Suid-Afrika√

2.2.3 **Verduidelik TWEE redes waarom die berekening van BBP syfers belangrik is.** (2 x 2) (4)

- Voorsien inligting met betrekking tot die vlak van ekonomiese aktiwiteit in ʼn land. √√
- Deur vergelyking met die BBP kan daar vasgestel word of ʼn land meer of minder goedere en dienste lewer. √√
- Dit wys of ekonomiese groei plaasvind. √√
- Die ekonomiese prestasie van verskillende lande kan vergelyk word. √√
- Die vlak van die lewenstandaard en ekonomiese welstand van die bevolking√√

2.2.4 **Differensieër die verskil tussen *reële vloei* en die *geldvloei* in die kringloopdiagram.** (2 x 2) (4)

- **Reële vloei**
  -Begin by die faktore van produksie wat verkoop word in faktoremarkte √√
  -Verkoop aan besighede om voltooide goedere en dienste te lewer √√
  -Gelewer aan die goederemarkte √√
  -Dit word verkoop aan huishoudings.√√
  -Hierdie beweging van faktore tot voltooide goedere en dienste word reële vloei genoem. √√
  -Die fisies tasbare items √√
  -Vervoer speel 'n belangrike rol. √√

- **Monetêre vloei**
  -Teenoorgestelde rigting as goedere √√
  -Huishoudings spandeer geld op goedere. √√
  -Hierdie goedere word deur besighede geproduseer en aan huishoudings verkoop in goederemarkte. √√
  -Dit is hoe inkomste verdien word. √√
  -Geldvloei tussen besighede en huishoudings.√√
  -Banke speel 'n groter rol as geldmarkte. √√.
  -Buitelandse handel, vloei van geld, goedere en dienste √√
  (Aanvaar enige relevante antwoord.)

2.3 **Datarespons**

2.3.1 **Na watter *depressie* word daar in die artikel verwys?** (1)

- Die Groot Depressie van 1929√

2.3.2 **Verduidelik die term *depressie.*** (1)

- 'n Depressie is 'n verlangsaming in ekonomiese groei. / 'n Afname in ekonomiese aktiwiteit√
- Die ekonomie is besig om in te krimp of kleiner te word. √
  (Aanvaar enige relevante antwoord.)

2.3.3 Bespreek kortliks TWEE eienskappe van die depressie en resessiefase.

- 'n Daling in produksie oor 'n lang tydperk. √√
- Werkloosheid en bankrotskap neem toe. √√
  Afname in aanvraag van goedere en dienste. √√
- Pryse en winste daal tot onaanvaarbare lae vlakke.√√
- Sluiting van besighede √√
  (Aanvaar enige relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.3.4 **Bespreek kortliks die eienskappe van die opbloeifase.** (2 x 2) (4)

- Hoë vlakke van besteding deur huishoudings
- Meer inkomste vir die huishouding
- Meer werksgeleenthede
- Nuwe besighede word opgerig
- Produksie van goedere en dienste neem toe
- Winste en pryse van goedere styg
- Rentekoerse styg om inflasie te bekamp
(Aanvaar enige relevante antwoord.)

2.4 **Differensieër tussen *Mikroekonomie* en *Makroekonomie*.** (4 x 2) (8)

**Mikroekonomie**

- Mikroekonomie handel slegs met ’n klein deel van die ekonomie. √√
- Handel met individuele verbruikers en besighede √√
- Handel met hoe hulle besluite maak oor watter hulpbronne om te gebruik en watter om te koop √√
- Wat om te produseer teen watter prys en in watter hoeveelhede √√
- Fokus op individuele markte √√
- Kyk na die gedrag van die eenhede van ’n ekonomie √√

**Makroekonomie**

- Is die studie van die ekonomie as ’n geheel √√
- Dit fokus op die ekonomiese gedrag van ’n gemeenskap. √√
- Dit fokus op die werkloosheidsyfer. √√
- Geen belang in wat die individuele eenhede doen nie √√
- Kyk na invoere en uitvoere √√
- Die Nasionale Begroting is ’n Makroekonomiese dokument. √√
- MIV/VIGS is ’n makroekonomiese probleem. √√
(Aanvaar enige ander relevante respons.)

2.5 **“Ekonomiese ontwikkeling is gebaseer op fundamentele menseregte.” Demonstreer hoe die Suid-Afrikaanse regering basiese dienste aan ekonomies gemarginaliseerde mense lewer in ’n poging om lewensstandaard te verbeter.** (4 x 2) (8)

- Alle mense moet toegang tot voedsel hê daarom is daar voedingskemas by skole.√√
- Alle mense moet toegang hê tot behuising daarom is daar behuisingsubsidies. √√
- Alle mense moet toegang hê tot hospitale en klinieke veral daardie mense wat dit nie kan bekostig nie. √√
- Alle kinders het ’n basiese reg tot onderwys en opvoeding √√
- Almal het ’n reg tot lopende water en sanitasie met bekostigbare fooie vir water. √√
- Almal het ’n reg tot ’n beter bestaan en ’n beter toekoms. √√
- Toegang tot ’n basiese lewenstandaard vry van armoede en hierdie menseregte word deur die grondwet beskerm. √√

**[40]**

**VRAAG 3: MAKROEKONOMIE**

3.1

3.1.1 **Noem TWEE deelnemers in ’n geslote kringloopdiagram.** (2 x 1) (2)

- Huishouding / Verbruikers√
- Besigheidsektor / Firmas / Produseerders√

3.1.2 **Verduidelik hoe ’n opswaai die ekonomiese groeikoers van ’n land affekteer.**

- Gedurende ’n opswaaifase produseer besighede meer goedere en dienste omdat vraag na goedere en dienste styg. Dit sal die BBP laat toeneem en ’n toename in die BBP dui ekonomiese groei aan. √√
  (Aanvaar enige relevante antwoord.) (1 x 2) (2

**3.2 Datarespons**

3.2.1 **Identifiseer die metode wat gebruik is om BBP te bereken.** (1)

- Die bestedingsmetode √

3.2.2 **Noem EEN ander metode wat gebruik kan word om die BBP te bereken.** (1)

- Produksiemetode√
- Inkomstemetode√

3.2.3 **Definieer die term *Bruto Binnelandse Produk*.** (2)

- Die totale waarde van alle finale goedere geproduseer binne die grense van die land vir ’n bepaalde tydperk van bv. een jaar. √√

3.2.4 **Hoe word BBP bereken? Skryf slegs die vergelyking neer.** (2)

- BBP=(C+I+G+ (X-M) √√

3.2.5 **Bereken die bruto binnelandse produk (A).** (4)

BBP= C + I + G + (X – M)√

=1 473 + 468 + 505 + (657 – 678)√

= 2446 – 21√

= 2425√

3.3 **Datarespons**

3.3.1 **Verduidelik die konsep *verbruik*.** (2)

- Verbruik is die finale gebruik van goedere of dienste om behoeftes te bevredig. √√

3.3.2 **Noem TWEE voorbeelde van nie-duursame goedere**. (2)

- Meubels√
- Voertuie√
- Elektriese toestelle√
- Musiekinstrumente√
- (Aanvaar enige ander relevante antwoord.)

3.3.3 **Waarom word die verbruiker gedwing om keuses te maak?** (2)

- Die verbruiker het onbeperkte behoeftes wat bevredig moet word met **skaars hulpbronne**. √√ /
- As gevolg van die skaarsheidsprobleem moet verbruikers keuses maak. (Aanvaar enige relevante antwoord.)√√

3.3.4 **Verduidelik die verhouding tussen skaarsheid, keuses en geleentheidskoste.**

- Hulpbronne is skaars daarom moet die verbruiker keuses uitoefen tussen produkte. √√
- Wanneer iemand se hulpbronne vir een ding gebruik word, kan dit nie vir iets anders gebruik word nie. √√
- Geleentheidskoste is die koste om keuses te doen / wanneer ons 'n keuse moet doen, meet ekonome die koste van die ding wat gekies is aan die koste van die alternatief wat prysgegee is; dit word geleentheidskoste genoem. √√ (Enige 2 x 2) (4)

(Aanvaar enige relevante antwoord.)

3.4 **Verduidelik die verskil tussen vrye goedere en ekonomiese goedere.**

| **Vrye goedere** | **Ekonomiese goedere** |
|---|---|
| Goedere is volop en het geen prys nie√√ bv. seewater,sonskyn, reënwater, lug, suurstof ens. √ | Goedere wat met skaars hulpbronne geproduseer word. √√ |
| Vry goedere het geen ruilwaarde nie aangesien almal toegang daartoe het. √√ | Goedere het ʼn koste en ʼn finale prys. √√ |
| Vry goedere het gebruiksnut. √√ | Hierdie goed het ruilwaarde aangesien mense bereid is om daarvoor te betaal. √√ |
| Gawes uit die natuur word as vry beskou. √√ | Ekonomiese goed het gebruiksnut√√ bv. infrastruktuur en paaie. √ |

(Aanvaar enige relevante antwoord.) (2 x 4) (8)

3.5 **Hoe word werksgeleenthede deur fluktuasies (skommelinge) in die sakesiklus, beïnvloed?** (4 x 2) (8)

- Soos ʼn depressie, lei ʼn resessie tot werkloosheid, verminderde produksie, verminderde inkomste en lae lewenstandaarde. √√
- Die arbeidsmark is die totale aantal mense wat vir ʼn salaris werk, en die werkloosheidsmark is die totale aantal mense wat werk soek maar nie tans werk het nie. √√
- ʼn Land se totale arbeidsmag is die som van die werkers en die werkloses. √√
- Die werkloosheidsyfer is gewoonlik ʼn goeie aanduiding van die toestand van die arbeidsmag. √√
- ʼn Hoë werkloosheidsyfer dui op ʼn swak arbeidsmark waar werkgeleenthede skaars is. √√
- ʼn Lae werkloosheidsyfer dui op ʼn goeie arbeidsmark waar werk maklik gevind kan word. √√
- In die algemeen, neem werkloosheid toe tydens resessies en gedurende uitbreiding neem dit af. √√ (Enige 2 x 4) (8)
- (Aanvaar enige relevante antwoord.) **[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C** **40 PUNTE - 30 MINUTE**

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou antwoordboek.

Jou antwoord sal as volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL: | PUNTE-TOEGEWYS |
| --- | --- |
| **INLEIDING**<br><br>Die inleiding is 'n laer-orde respons.<br>• 'n Goeie uitgangspunt sou wees om die hoofkonsep te bepaal wat verband hou met die onderwerp van die vraag.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die hoofgedeelte van jou opstel insluit nie.<br>• Waak daarteen om in die inleiding te sê wat in die hoofgedeelte bespreek gaan word. | Maks. 2 |
| **HOOFGEDEELTE**<br>Bespreek in detail / Indiepte bespreking / Vergelyk / Ontleed / Kritiese bespreking / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer. | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte**<br>Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken grafieke / Verduidelik / Gebruik grafiek en Verduidelik / Voltooi gegewe grafiek / Bereken / Lei af / vergelyk / Verduidelik / Ontleed / Debateer kortliks / argumenteer / Debateer / Hoe? | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige relevante hoërorde gevolgtrekking<br>• Kort samevatting<br>• Opinie of waarde oordeel<br>• Addisionele ondersteunende inligting<br>• Teenstrydige oogpunt<br>Aanbeveling | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 4: MAKROEKONOMIE**

"Wanneer jy kruideniersware koop, word jy deel van die kringloop van die ekonomie."

- Bespreek die hoofdeelnemers in 'n oop-ekonomiese kringloopdiagram. (26)
- Verduidelik die verhouding tussen Besparings en Beleggings. (10)

**Inleiding**

Suid-Afrika word 'n oop ekonomie genoem omdat ons met ander lande in die wêreld handel dryf. √√

(Aanvaar enige relevante inleiding.)

**Hoofgedeelte**

1. **Huishoudings / Verbruikers**

- Vorm die grondslag van alle ekonomieë; produsente van goedere en dienste fokus op hulle. √√
- Besit direk of indirek die produksiefaktore (grond, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap) √√
- Verkoop hulle produksiefaktore aan die sakeondernemings op die faktormark in ruil vir vergoeding. √√
- Huishoudings het onbeperkte behoeftes wat bevredig moet word en hulle doen dit deur goedere en dienste van sakeondernemings te koop op die goederemark. √√

2. **Die sakesektor**

- Nywerhede vervaardig goedere en dienste om in die behoeftes en begeertes van die huishoudings te voorsien. √√
- Sakeondernemings, ook maatskappye of produsente genoem, vervaardig goedere en verskaf dienste. √√
- Sakeondernemings koop die produksiefaktore van die huishoudings op die faktormark. √√
- Hulle gebruik die produksiefaktore om goedere en dienste te produseer wat dan aan die huishoudings in die goederemark verkoop word. √√

3. **Die openbare sektor**

- Die breë term *regering* verwys na plaaslike, streeks- (provinsiale) en nasionale regering, ook bekend as die *staat* of die *openbare sektor*. √√
- Die openbare sektor sluit in alle politici, staatsamptenare, regeringsagentskappe en ander liggame in besit van of onder beheer van die regering. √√
- Die regering neem deel aan die ekonomie deur produksiefaktore van huishoudings in die faktormark te koop en deur goedere en dienste van maatskappye in die goederemark te koop. √√
- Die staat voorsien huishoudings en sakeondernemings van goedere en dienste wat nie deur sakeondernemings geproduseer word nie. √√
- Die goedere en dienste wat deur die staat verskaf word, staan bekend as openbare goedere en sluit goed in soos veiligheid en beskerming, wet en orde, gesondheidsorg en onderwys. √√
- Die regering ontvang inkomste van sakeondernemings en huishoudings in die vorm van belasting. √√
- Die regering ontvang ook inkomste uit eiendom en ondernemings wat die staat besit. √√

4. **Die Buitelandse sektor**

- Die buitelandse sektor verteenwoordig al die ander lande in die wêreld. √√
- Handel tussen die buitelandse sektor en huishoudings en maatskappye vind in die buitelandse mark plaas in die vorm van invoere en uitvoere. √√
- Dit word internasionale handel genoem. (globalisasie)√√
- Invoere is goedere en dienste wat in ander lande geproduseer word en deur plaaslike maatskappye of huishoudings gekoop word. √√
- Uitvoere is goedere en dienste wat plaaslik geproduseer word en dan aan die buitelandse sektor verkoop word. √√ **(Maks. 26)**

**ADDISIONELE GEDEELTE**

- **Verduidelik die verhouding tussen besparing (spaargeld) en beleggings.**

**Besparing (Spaargeld):**

- Spaargeld verwys na die inkomste van deelnemers wat nie gespandeer word nie.√√
- Hierdie inkomste word belê by groot finansiële instellings. √√
- Dit is ʼn lekkasie van geld uit die kringloopdiagram na finansiële maatskappye. √√
- Hierdie lekkasie veroorsaak ʼn afname in die besteding vloei. √√
- Spaar vorm die hoeksteen vir beleggings. √√

**Beleggings**

- Beleggings is die skepping van kapitaalgoedere. √√
- Besighede leen geld van die finansiele instellings. √√
- Hierdie geld kom van spaargeld√√
- Besighede gebruik die geld om kapitaalgoedere soos masjienerie te bekom. √√
- Sonder spaar kan daar nie beleggings wees nie, wat beteken minder produksie van goedere en dienste√√
- Beleggings is goed om lekkasies wat deur spaar veroorsaak word, te balanseer. √√
- Beleggings het ʼn groot impak op die ekonomie. √√

**(Maks. 10)**

**SLOT:**

Markte speel ʼn baie belangrike rol in die kringloopdiagram wat alle deelnemers word deur koop- en verkooptransaksies met mekaar verbind. √√ **(Maks. 2)**
(Aanvaar enige relevante antwoord.)

**[40]**

**VRAAG 5: MAKROEKONOMIE**

**"Produksie en Verbruik is basiese ekonomiese prosesse wat deur markte verbind word."**

- **Bespreek die verskillende soorte markte waar handel plaasvind. (26)**
- **Verduidelik kortliks die verskillende maniere wat gebruik kan word om omgewingsprobleme te verminder. (10)**

**INLEIDING**

ʼn Mark is ʼn plek waar handel gedryf word./ Die interaksie van die rolspelers in markte is wat die ekonomie aandryf. √√

OF

In die ekonomie kan die vele verskillende markte wat bestaan in twee algemene groepe verdeel word – die produkmark en die faktormark. √√

(Aanvaar enige relevante inleiding.) **(Maks. 2)**

**HOOFGEDEELTE**

**Produktemarkte**

- Sakeondernemings of maatskappye produseer die goedere en dienste om die behoeftes en begeertes van huishoudings te bevredig deur die produksiefaktore te gebruik wat deur die huishoudings verskaf word. √√
- Hierdie produkte wat op die produktemarkte te koop aangebied word, kan finale goedere en dienste of tussengoedere en –dienste wees. √√
- Die produkmark word ook die verbruikersmark genoem. √√

Produktemarkte sluit in goedere- en dienstemarkte bv. boeke, CD's, haarkappers, kos, skryfbehoeftes, klere en mediese dienste. √√

Produktemarkte sluit ook in kommoditeitsmarkte. Dit is die markte waar daar geen verskil in die goedere is nie en dit maak nie saak wie die verskaffer is nie bv. koring, goud, beesvleis, mielies, olie. √√

Die produktemark is ook ʼn mark vir afgewerkte produkte en dienste. √√

**Die Faktormarkte**

Huishoudings is die basiese eienaars van die vier produksiefaktore (natuurlike hulpbronne, kapitaal, entrepreneurskap en arbeid) wat deur die sakesektor gebruik word om nuttige goedere en dienste te vervaardig of te produseer. √√

Sakeondernemings gaan na die faktormark om produksiefaktore te koop. √√

Faktormarkte kan in vier soorte verdeel word, naamlik:

1. Arbeidsmark – bv. werknemers wat werk soek √√
2. Mark vir grond – bv. die eiendomsmark√√
3. Mark vir kapitaal – bv. lenings of geld om kapitaaltoerusting te finansier √√
4. Finansiële mark – bv. aandelemark, valutamark √√

**Groothandelaars**

- Hulle koop in groot hoeveelhede by die produsente en verkoop aan kleinhandelaars bv. vars vrugte en groente. √√
- Hulle koop vervaardigde goedere en landbouprodukte. √√

**Kleinhandelaars**

- Meeste verbruikers / huishoudings koop vanaf die kleinhandelaar. √√
- Pick & Pay, Shoprite is voorbeelde van kleinhandelaars. √

**Dienstemark**

- Alle dienste, soos onderwys of mediese sorg, word in die dienstemark verkry.

**Internasionale markte**

- In vandag se wêreld is daar internasionaal ŉ groot mark vir goedere en dienste. √√
- Wanneer Suid-Afrikaners produkte uit Europa of Australië wil hê, word dit op die internasionale mark verhandel. √√

**Faktormark / Mark vir produksiefaktore**

- Produksiefaktore word benodig om goedere en dienste te vervaardig. √√
- Hierdie mark is die denkbeeldige plek waar die eienaars van die produksiefaktore (huishouding / verbruikers) die mense ontmoet wat dit wil koop (die firma's / produsente)√√
- ŉ Voorbeeld van ŉ faktormark kan die internet wees.√
  (Aanvaar enige relevante antwoord.) **(Maks. 26)**

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Verduidelik kortliks die verskillende maniere wat gebruik kan word om omgewingsprobleme te verminder.**

**Groenbelasting**: √

- Die regering kan belasting hef op die produksie van goedere en op die mate waartoe hulle die omgewing beïnvloed. √√

- Produsente sal hulle besoedeling moet verminder om seker te maak dat hulle die koste van hulle produkte laag hou. √√

- **Optrede deur die regering**: √

- Regerings oral in die wêreld begin om maatreëls in te stel om die hoeveelheid besoedeling in hulle lande te stop of te verminder. √√

- **Openbare optrede**: √

- Na gelang meer mense bewus word van die skade aan die omgewing begin hulle optree en deelneem aan programme om die skade wat gedoen is, te herstel en om die omgewing om hulle te verbeter. √√

**Nuwe tegnologie**: √√

- Skoner en veiliger tegnologie word ontwikkel met die oog op die omgewing. √√

- Die aandrang op minder afvalprodukte, verminderde afhanklikheid van fossielbrandstowwe en 'n vraag deur produsente na omgewingsvriendelike tegnologie gee aanleiding tot nuwe produkte en omgewingsveilige masjinerie. √√

- Omgewingsvolhoubaarheid is deesdae 'n baie belangrike ekonomiese kwessie. √√
  (Aanvaar enige relevante antwoorde.) **(Maks. 10)**

**SLOT**

Toenemende nywerheidsaktiwiteit vind egter ten koste van die omgewing plaas. √√ /
Dit lei gewoonlik tot verhoogde besoeling, fabrieke besoedel die lug, riviere en ook die grond. √√ /
Nywerhede gebruik ook baie van die aarde se natuurlike hulpbronne bv. steenkool, olie, hout en water. √√ **(Maks. 2)**
(Aanvaar enige relevante slot.) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**TOTAAL: 100**